

DEEL I

HOOFSTUK I

ALGEMENE INLEIDING, PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

1. Inleiding

In geen ander tydperk van mensesamelewing is soveel oor onderwys en opvoeding gesê en geskryf, is soveel indringende diskussies oor 'n groot verskeidenheid opvoedkundige vraagstukke gevoer, is groter somme geld vir die daarstelling van moderne onderwysgeriewe bestee, as juis die afgelope twee dekades die geval in die Weste was nie.⁽¹⁾ Moderne state het in toenemende mate besef dat die jeug die grootste bate van elke volk is. Deur die optimum ontwikkeling van die potensiaal van die jeug sal die voortbestaan van die volk verseker wees:

"The future belongs to those nations which turn to the best account the intelligence of their people, of all their young people."⁽²⁾

Dit is daarom dat onderwys in ons tyd nie meer die alleenreg en -belangstelling is van hulle wat direk daarmee gemoeid is nie, maar dat elkeen wat die toekoms van sy volk op die hart dra, hom in 'n mindere of meerdere mate vir die suksesse of mislukkings op die terrein van die skool verantwoordelik hou.⁽³⁾

Soos dit die geval na die Eerste Wêreldoorlog (1914—1918) was,⁽⁴⁾ is die toenemende belangstelling in die onderwys en opvoeding die afgelope

-
1. Vgl. Thomas, J. Teachers for the schools of tomorrow, p.9.
 2. Loc. cit.
 3. Ibid. p.10.
 4. Vgl. Taute, B. Opvoedende onderwys, dl. I, p.127.

twee dekades en veral in die huidige tyd, in 'n groot mate uitvloeisel van die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945). Hierdie sesjarige demoniese geweld het die pragmatiese mens van die twintigste eeu verward en soekend na ankers gelaat. Hy moes aanskou hoedat die ideale mens wat die skool op die bevindinge van die kinderstudiebeweging (einde 19de eeu begin 20ste eeu), die sosiale bruikbaarheidsbeginsel van 'n John Dewey (1859–1952) en die pogings van die Nuwe Onderwysbond (N.E.F.) moes vorm, in die vuur en kruitdamp van menslike haat, magsug en liefdeloosheid ten ondergaan.⁽⁵⁾ Filosofe het opnuut besin oor die diepste sin, waarde en doel van die lewe. Die mens, sy situasie en sy nood van die dag het die denke van die na-oorlogse mens oorheers. Op die spoor van die sogenaamde na-oorlogse, moderne Humanisme is nuwe opvoedkundige teorieë en sisteme geformuleer en nuwe onderwyspraktyk beplan en toegepas, t.w.v. die skeping van 'n gelukkiger wêreld vir die opkomende geslagte. Die klem sou daarin sterk op die sinvol-reële, die hier en nou val.⁽⁶⁾

Daarmee saam het die fenomenale natuur-wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelinge en die daarmee gepaardgaande kennisontplofing en versnelde lewenstempo geroep om besinning oor, beplanning vir en die vernuwing van onderwysprogramme waardeur kinders op harmoniese wyse in- en aangepas sal word by en tred sal hou met die eise van die moderne tyd.⁽⁷⁾ Rusland en China het as magstate op die terrein van die wêreld-politiek verskyn. Die gryparms van die kommunistiese ideologie is subtiel, planmatig en selfs met geweld na die Weste uitgestoot. 'n Warme, berekende geestelike en fisiese terreur het die sgn. "koue oorlog" teen die Westerling vervang. Volkereverhoudinge is in die branding.

-
5. Vgl. Coetzee, J.C. Die moderne opvoeding. p.22–23, 51.
 6. Fourie, J.J. Die skool en die twintigste eeuse geestelik-ontwrigte, onwortelde mens. *Onderwysblad*, LXIX (758), Des. 1962. pp.277–285, 295.
 7. Vgl. Schutte, B.C. Onderwys van die kind in die wêreld van vandag. Referaat nr. 7. Volkskongres vir opvoeding en onderwys, 30 Sept.–2 Okt. 1969.

Dié toestande sou tot gevolg hê dat letterlik elke faset van die teoretiese en praktiese onderwys onder die soeklig sou kom. Toenemend is egter besef dat die voordeligste belegging in die onderwys eerstens 'n belegging in die onderwysers self is.(8)

"The best school is not necessarily the one that is most comfortably housed or the most completely equipped. Such fortunate circumstances do, of course, facilitate school work, but what is most important is the quality of that work, that is, the quality of the teaching staff."(9)

Die logiese gevolg was dat die aandag uiteindelik op die belangrikste lid van die skoolpersoneel, die hoof, gevestig sou word. Sy persoon, posisie, taak en die rol wat hy in die daarstelling van 'n sinvolle organisasie en onderwysprogram by die skool kan en moet speel, sou die onderwerp van menige indringende ondersoek deur owerheidsinstansies en opvoedkundiges word. Die afgelope twee dekades het in verskeie leidende Westerse lande dan ook verskeie geskrifte oor die hoof die lig gesien. Dit is hoofsaaklik van oorsese lande en dan veral Amerika waar. In Suid-Afrika het tot op hede weinig wetenskaplike geskrifte oor die hoof verskyn. Die belangrikste en omvattendste hiervan is ongetwyfeld die mooi werk van Taute wat reeds in 1940 verskyn het.(10) Enkele skrywers verwys na die belangrike take van die hoof, terwyl die boek van F.J. Potgieter nie bedoel is om 'n omvattende ondersoek na die hoof en sy taak in te stel nie.(11)

In Suid-Afrika is egter reeds aandag aan die opleiding van die hoof gegee. Gedurende 'n konferensie oor ouersegenskap in die onderwys, wat op 16 Mei 1969 by die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. aangebied is, het prof. B.C. Schutte die belangrike rol wat die hoof in die realisering van

-
8. van Niekerk, S.G.J. Beplanning en vooruitsigte in die onderwys aan die Rand. *Onderwysblad*, LXXVIII (835), April 1971. p.71-78.
 9. Thomas, J. op. cit. p.20.
 10. Taute, B. *Skoolhoof, assistent en professie*, 1940.
 11. Potgieter, F.J. *Skool- en klasorganisasie*, 1966.

die beginsels van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid⁽¹²⁾ kan speel, sterk beklemtoon. Hierdie wet, wat ook die grondslag van die Afrikaanse skool verskans, plaas, tesame met die eise van die tyd waarin die Afrikaner vandag leef en môre nog moet leef, die hoofskap van die Afrikaanse skool in die brandpunt.

2. Die belangrikheid van 'n ondersoek na die posisie en taak van die hoof

Die voorgaande uiteensetting stel by implikasie die noodsaaklikheid van 'n ondersoek na die taak van die hoof van die Afrikaanse skool. Om die aktualiteit van sodanige ondersoek verder te beklemtoon, moet die uitsprake van sommige owerheidsinstansies en opvoedkundiges oor die belangrikheid van die besondere posisie en taak van die hoof hier aangehaal word. Eerstens volg enkele aanhalings uit amptelike publikasies van provinsiale onderwysdepartemente in Suid-Afrika.⁽¹³⁾

***"Het is geen overdrÿving te zeggen, dat de graad van algemene bedrevenheid en de mate van sukses, die door een school bereikt worden, grotelijks afhangen van de bekwaamheid, het inisiatief en de geestdrift van zÿn principaal. Zÿn persoonlikheid behoort de school te beheersen. Ten opsigte van scrandere belangstelling, van toewyding aan plicht en van hun houding jegens hun beroep volgen onderwÿzers byna steeds de leiding van hun principaal."**⁽¹⁴⁾

***"Die skoolhoof het die hoë roeping, beide as leidsman in sy skool en as opvoedkundige leier in sy omgewing."**⁽¹⁵⁾

-
12. R.S.A. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, nr.39 van 1967. Goedgekeur 22 Maart 1967, m.i.v. Januarie 1968.
 13. Kursivering by aanhalings hier deurgaans deur my.
 14. K.O.D. De premaire school. Wenken ter overwegening van onderwÿzers, 1923. p.5.
 15. K.O.D. Die laerskool — Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 1964. p.3.

*“Hy is geroepe om leiding en toon aan te gee en hom op hoogte te hou van metodes en vereistes.”(16)

Vervolgens enkele stellings uit opvoedkundige geskrifte en toesprake oor die hoof:

*Geen ander persoon het groter invloed op die skool as hy nie.(17)

*Die hoof is die koördinerende en koersgewende faktor.(18)

*“What a principal does or fails to do, is felt in homes as well as in classrooms and corridors of a school.”(19)

*Die skool weerspieël die persoon van die hoof aan die wêreld.(20)

*“The school is simply your philosophy translated into visible form.”(21)

*“Truly, the personal qualities of the principal are constructive, dynamic, and creative forces and influences. A good school will always bear the mark and the imprint of the principal's qualities as a person.”(22)

*In die Engelse deel van sy openingsrede by 'n kursus vir hoofde van primêre skole, het die Transvaalse Direkteur van Onderwys o.a. gesê: “The head is in an executive position. As the head is, so the school will be. The head is a key position in education. If

-
16. V.O.D. Verslag van die D.v.O. vir die jaar 1940, p.72.
 17. Vgl. Eulie, J. It's not the school — It's the principal. (In Bradfield, L.E. & Kraft, L.E. (ed.) The elementary school principal in action, pp.35—38).
 18. Vgl. Bekker, J. Aspekte van die organisasie en administrasie van die Transvaalse openbare onderwys, p.116.
 19. A.A.S.A. The right principal for the right school p.9.
 20. Vgl. Jones, O.R. The principal in retrospect and today. (In Jones, O.R. (ed.) The school principal. pp.1—29).
 21. Ransley, T.H. The principal as person. (In Jones, O.R. (ed.) op. cit. pp.30—64).
 22. Loc cit.

he is a responsible, efficient person, the work, the discipline and every aspect of the work in the school will be of a very high standard.”(23)

*“For him the teacher’s chair became a throne.”(24)

Die taak van die hoof is belangrik omdat dit in omvattende en diepste sin oor die opvoeding van die kinders van die volk gaan. Die hoof beklee ’n besondere posisie en vervul ’n besondere taak binne die noodsaaklike, aktuele opvoedingstaak van die volk. Hoe belangriker ’n volk die opvoeding van sy kinders beskou, hoe belangriker behoort die opvoeder, en daarmee saam die hoof as leier van die opvoeders en die kinders, beskou te word. Dit is daarom van aktuele belang dat soveel moontlik kennis van die persoon, posisie en taak van die hoof ingewin moet word.

3. Probleemstelling

Uit die voorgaande paragraaf is dit reeds direk af te lei, of lê dit by implikasie daarin vevat, dat die hoof as belangrik beskou word omdat hy:

*in sy hoedanigheid as uitvoerende beamppte van algemene en besondere onderwybeleid ’n sleutelposisie in die onderwys beklee;

*oor besondere persoonlikheidskwaliteite beskik (of behoort te beskik) om bevredigend te voldoen aan die eise wat aan hom gestel word;

*besondere invloed op die leerlinge, personeellede, ouers, sy hele skool en ook die gemeenskap uitoefen en moet uitoefen;

*’n roeping tot leierskap het;

-
23. Kotzee, A.L. Openingsrede. Hoofdekursus, Pretoria, 6 Aug. – 5 Sept. 1969.
 24. Allen, B. How head teachers are chosen. (In Allen, B. (ed.) *Headship in the 1970’s*. pp.153–168. (Longfellow aangehaal).

*leier is van 'n inrigting waar opvoeding en onderwys na bepaalde eise aan ontwikkelende kinders voorsien word;

*besondere kennis van die skool en sy taak in die breedste sin moet hê;

*'n lewensfilosofie in sy skool realiseer.

Hierdie beknopte samevatting veronderstel aktuele vraagstukke aangaande die hoof en sy taak wat in die volgende enkele begrippe gekonsentreer kan word: persoonsbeeld, lewensbeskouing, roeping, leiding, verhoudinge, kennis, opleiding, opvoeding.

'n Studie van die problematiek van die hoofskap van die Afrikaanse skool moet dus die onderkenning van die volgende vraagstukke binne sy ondersoekveld betrek:

die vraag na die grondslag, wese en aard van die opvoeding en onderwys in die Afrikaanse skool en die implikasies daarvan vir die hoof;

die vraagstuk van die roeping van die mens en die implikasies daarvan vir die hoof;

die vraagstuk van leierskap in die Afrikaanse skool;

die vraagstuk van die persoonlikheidshoedanighede van die hoof van die Afrikaanse skool;

die vraagstuk van die opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool.

Verskillende neweskikkende vraagstukke hang hiermee saam, soos o.a. die volgende:

die beleidsbepalings en regulasies van die provinsiale onderwysowerhede verskil in 'n redelike mate van mekaar;

daar bestaan verskillende tipes skole in verskillende lokaliteite wat die aard en omvang van die taak van die hoofde mag beïnvloed;

die persoonlikhede en bekwaamhede van hoofde verskil, terwyl bewustelik onderskeid tussen manlike en vroulike hoofde getref moet word;

die hoofde verskil in ouderdom, ervaring en kwalifikasies van mekaar;

daar bestaan ook andertalige skole in Suid-Afrika.

Die vraagstukke wat bestudeer en tot eenheid saamgevoeg moet word, is talryk en kompleks. Dit is in die huidige opset nie moontlik om die hoofskappe van die Afrikaanse primêre en sekondêre skole na hulle volle omvang en waarde te beskryf nie.

4. Taakstelling

4.1 Die doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek kan kortliks soos volg geformuleer word:

om die fundamentele en saaklike beginsels wat die hoofskap van die Afrikaanse skool ten grondslag lê, te bepaal;

om die wese, aard en omvang van die taak van die hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole te beskryf en die verskille en ooreenkomste tussen dié hoofskappe bloot te lê;

om bepaalde aspekte van die behorenspraktik⁽²⁵⁾ van die hoofde van Afrikaanse skole te bespreek;

25. Onder behorenspraktik word hier verstaan: die praktik van die hoof soos dit na die eise van die fundamentele en saaklike beginsels wat sy taak onderlê, behoort te wees.

om die noodsaaklikheid van die indiensopleiding van die hoofde van Afrikaanse skole te motiveer en om riglyne m.b.t. die teorie en praktyk daarvan neer te lê;

om aanbevelings betreffende die hoofskap van die Afrikaanse skool te doen wat moontlik tot verbetering in die posisie, taakvervulling en opleiding van dié hoof kan dien.

In die beskrywing van die leiding en opleiding van die hoof sal die klem hoofsaaklik op die behorenspraktyk in dié verband val, eerder as op 'n kritiese behandeling van die bestaande praktyk.

4.2 Terreinafbakening

Teorie en praktyk is in die opvoeding en onderwys onlosmaaklik verbind. 'n Fundering van die hoofskap van die Afrikaanse skool in die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner is daarom noodsaaklik. Belangrike grondslae wat op die persoon, taak en opleiding van die hoof betrekking het, moet neergelê word. Dit moet as diepte- en rigtingpeilers vir die ondersoek dien.

Om die wese, aard en omvang van die taak van die hoof na waarde te beskryf en beter te verstaan, moet noodwendig na die historiese wortels van hoofskap teruggegryp word. 'n Poging sal daarom aangewend word om die ontwikkeling van hoofskap in enkele Westerse lande en in Suid-Afrika na te gaan. Die ooreenkomste en verskille tussen die hoofskappe van die Afrikaanse en enige ander skool hier te lande, moet ook op grond van die historiese gegewens blootgelê word. Bepaalde vergelykings tussen die hoofskappe van Afrikaanse skole en dié van skole in die Westerse wêreld moet uitgewys word, terwyl die verskille en ooreenkomste in die beskouings en bepalinge van die vier provinsiale onderwysowerhede m.b.t. die posisie en taak van die hoof, ook uit die historiese ondersoek moet blyk. Op grond van die gegewens wat op dié wyse verkry word, moet die belangrikste faktore wat die aard en omvang van die posisie en taak van die hoof bepaal en beïnvloed, opgesom word, die omvang van sy taakomgewing bepaal word en die tegniese samestelling van sy taak kortliks beskryf word. Tendense betreffende die posisie en taak van die hoof wat uit die historiese ondersoek na vore mag kom, moet uitgewys word.

Die oordeel van die hoofde van verskillende tipes Afrikaanse primêre en sekondêre skole oor belangrike aspekte van hulle taak en opleiding, behoort belangrike gegewens te verstrek om die hoofskap van die Afrikaanse skool beter te begryp en te beskryf. Die beskouings van die hoofde oor bepaalde aangeleenthede moet aan die eise van die behorenspraktyk getoets word. 'n Poging sal daarom aangewend word om 'n profiel van die hoof van die Afrikaanse skool, hoofsaaklik op grond van die gegewens wat van die hoofde self verkry is, te beskryf. In dié afdeling moet die volgende aspekte o.a. aandag kry: administratiewe besonderhede, soos die tipes en grootte van skole; persoonlike besonderhede, soos die ouderdom, geslag, kwalifikasies en ervaring van die hoofde. Die opvattings van die hoofde betreffende bepaalde lewensbeskoulike aspekte van hulle taak moet beoordeel word, terwyl die belangrikste tendense betreffende die aard en omvang van hulle betrokkenheid by gemeenskapsbedrywighede ook bepaal moet word. Voorts sal dit nodig wees om die belangrikste probleme van die hoofde te sistematiseer.

Belangrike aspekte van die leiding van die hoof, soos dit in die ideale skool van die Afrikaner tot uitdrukking kan en behoort te kom, moet ook behandel word. Hieronder moet die ideale persoonlikheid van die hoof en aspekte betreffende sy administratiewe en professionele leiding aandag kry. In die behandeling hiervan sal noodwendig na die grondslae van die hoofskap van die Afrikaanse skool en na die tendense wat uit die historiese en empiriese ondersoeke geblyk het, teruggegryp moet word. In 'n teoretiese besinning oor die behorenspraktyk van die hoofskap van die Afrikaanse skool, moet noodwendig van die bestaande praktyk kennis geneem word. In breë trekke sal op die bestaande praktyk gebou moet word, vergelykings getref en waardebepalings gemaak moet word.

Die noodsaaklikheid van die indiensopleiding van die hoof van die Afrikaanse skool moet hoofsaaklik op grond van die omvang en intensiteit van die eise en tendense betreffende sy taak, wat daar in die vorige afdelings na vore gekom het, en op grond van die oordeel van die hoofde self in dié verband gemotiveer word. Dit is ook belangrik om vas te stel wat reeds in oorsese lande en in S.A. m.b.t. die opleiding van die hoof gedoen is. Die belangrikste beginsels vir sodanig opleiding moet neergelê word en sekere praktiese aspekte daarvan beskryf word. 'n Eenheidsplan, wat vir sowel die

teoretiese as die praktiese opleiding van beginnerhoofde voorsiening maak en wat nog nie in S.A. opgestel en aangebied is nie, word in dié afdeling van die ondersoek as 'n doeltreffende vorm van opleiding van die hoofde van Afrikaanse skole aangebied.

Die ondersoek moet afgesluit word deur die belangrikste bevindings, aanbevelings en hulle implikasies op te som.

Daar moet op gewys word dat die ondersoek net handel oor die hoofskappe van die Afrikaanse primêre en sekondêre skole. Wanneer dus die begrippe "hoof" en "hoofskap" in algemene sin in hierdie ondersoek gebruik word, word daarmee konsekwent bedoel die hoof of hoofskap van onderwysinrigtings, wat vandag in die Westerse lande vir die primêre en sekondêre onderwys en opvoeding van kinders van verpligte skoolgaande ouderdom voorsiening maak.

Die studieveld wat hier betree word, val dus in drie dele, wat wesenlik nou saamhang, uiteen: die grondslag, taak en opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool.

4.3 Die belangrikste metodes wat in die ondersoek gebruik is

In die bepaling van die grondslae van die hoofskap van die Afrikaanse skool is van die wysgerige en historiese metodes van navorsing gebruik gemaak. Dit is hoofsaaklik aan die hand van primêre en sekondêre bronne in dié verband gedoen.

Die gegewens oor die ontwikkeling van hoofskap is volgens die historiese metode van navorsing bekom en verwerk. In dié geval is ewe-eens van primêre en sekondêre bronne gebruik gemaak.

Die profiel van die hoof van die Afrikaanse skool is hoofsaaklik beskryf op grond van gegewens wat volgens die questionnaire-metode van ondersoek bekom is. Dié gegewens is aangevul met inligting wat verkry is uit amptelike stukke en uit onderhoude wat met amptenare van onderwysdepartemente en hoofde van skole gevoer is.

In die behandeling van die opleiding van die hoof is gedeeltelik ook van gegewens wat volgens die questionnaire-metode verkry is, gebruik gemaak. Verder is amptelike en sekondêre bronne in dié verband geraadpleeg.

Die primêre bronne van die vier provinsiale onderwysowerhede van die afgelope 70 jr. is moeilik bekombaar. Beskrywings, opdragte, beleidsbepalings, ens. lê wyd versprei in talryke amptelike stukke. Die belangrikste amptelike stukke is bekom en gebruik. Die ontwikkeling van die hoofskap in die twee Boere-republieke is hoofsaaklik op grond van inligting wat uit argivale bronne verkry en met gegewens uit sekondêre bronne aangevul is, beskryf.

Daar is vir die onderhawige navorsing vryelik uit 'n groot aantal werke oor die hoof en sy taak wat die afgelope twee dekades en meer in verskeie Westerse lande verskyn het, geput.